# SONDAGSKOOL LES: Beeld van God: 2

**Doel van les:**

- Ons lê die Beeld van God vas met aktiwiteit.

Verlede week het ons gesels oor wat dit beteken wanneer die Bybel praat van ons is na God se beeld geskape. Julle het 'n klomp teksverse bestudeer om te sien watter eienskappe van God in ons as Sy kinders weerspieël moet word.

**Aktiwiteit:** (Gee vir elke groep die uitdeelstuk van verlede week met teksverse en antwoorde op.)

Julle gaan nou 'n slogan of 'n logo ontwerp wat as mense daarna kyk, soos na 'n company s'n, dit vir hulle iets van God gaan vertel. Die uitdeelstuk sal julle help met die aktiwiteit.

TEKSVERSE:

- 1 Pet 1:16 Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig"
  (Antwoord: Heilig – sonder sonde / nie dieselfde sondes oor en oor doen nie)
- John 3:33 "Wie Sy getuienis aanvaar het, het daardeur bevestig dat God geloofwaardig is"
  (Antwoord: Geloofwaardig – jy kan die persoon glo / vertrou / wat hy sê en praat is die waarheid.)
- Ps 33:5 "Hy het geregtigheid en reg lief, die hele wêreld is vol van die Here se troue liefde"
  (Antwoord: Liefde – selfs vir die mense wat dit nie verdien nie)
- Ps 119:68 "U is goed en U doen goed; leer my u voorskrifte"
  (Antwoord: Goedheid – goed vir ander mense / goeie mens in hoe jy leef)
- Ps 100:5 "want die Here is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie, Sy trou duur van geslag tot geslag"
- (Antwoord: Getrouheid – as jy sê dat jy iets gaan doen, dan doen jy dit – jy kan die persoon vertrou.)
- 2 Pet 3:15 "En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word"
  (Antwoord: Geduldig – kan wag, maar kan ook baie verdra van ander.)
- Ps 99:4 "U is die magtige Koning, U het die reg lief; wat reg is, het U tot stand gebring. U het reg en geregtigheid in Jakob gevestig"

(Antwoord: Geregtigheid – staan vir wat reg is, en NIE vir wat verkeerd is nie! Doen die regte ding al is dit partykeer hoe moeilik en al staan jy alleen wanneer jy dit doen!)

- Jerm 23:6b "Die Here regeer regverdig oor ons."
  (Antwoord: Regverdigheid – trek nie iemand voor nie, gee jou wat jy verdien.)
- Eksodus 34: "Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou"
  (Antwoord: Genadig– om iets te kry sonder dat ek daarvoor gewerk het, of dit verdien
  Barmhartig – help iemand wat seer het, of swaarkry sonder dat jy iets daaruit kry.)

Gee geleentheid vir groepe om te kom wys wat hulle geteken het en te verduidelik hoekom hulle dit so gedoen het.

Sluit af met gebed in groepe.